

# APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGS VERENIGING

## GRONDWET



### 1. NAAM VAN DIE BRAND BESKERMINGS VERENIGING

Die naam van die vereniging is APIESRIVIER LANDELIKE BRANDBESKERMINGS VERENIGING wat onder City of Tshwane Metropolitan Municipaliteit val.

### 2. ADRES VAN DIE BRAND BESKERMINGS VERENIGING

Fisiese adres: Pyramid Kliniek  
Hoewe 5  
Roete 101  
Waterval

Posadres: Posbus 910-631  
Pyramid  
0120

### 3. AREA VAN DIE BRAND BESKERMINGS VERENIGING

Grootvlei 272 JR	Waterval 273 JR
Haakdoornlaagte 277 JR	Honingnestkrans 269 JR
Haakdoornboom 267 JR	De Onderstepoort 300JR
Onderstepoort 266 JR	Bultfontein 107 JR
Lusthof 114JR	Kromdraai 115 JR
Klipdrift 116JR	Inderminne 118 JR
Rondavel alias Schoongezigt 109 JR	Vastfontein 271 JR
Pylpunt 276 JR	Pyramid Estate AH (part of Waterval) 273 JR
Amalinda 643 JR	Kruisfontein 259JR
Honeyvale (part of Honingnestkrans) 269 JR	Sterkwater 106 JR
Rooiwal 270 JR	Zandkop Zijn laagte 108JR
Verbrick 118 JR	Wonderboom 302 JR
Doornpoort 295 JR	Hartebeestfontein 324 JR
Derdepoort 327 JR	Montana AH 2
Walmansthal 278 JR	Murrayhill 275 JR
Haakdoornfontein 119JR	Groenfontein 120 JR
Kaallaagte 127JR	De Onderstepoort 300 JR
Kloppersbos 128 JR gedeelte wes van die Kloppersbos-/Pyramidpad	
Kaallaagte 122 JR gedeelte suid van die R734	
Kliptdrift 121 JR gedeelte suid van die R734	
Gedeelte van die plaas Witfontein 301 JR wat insluit Klerksoord en Clarina (Noord van die N4)	
Gedeelte van die plaas Derdepooort 326JR wat wes van die N1 is	

### 4. DIE AANSOEK EN GRONDWET IS INGEVOLGE VAN WET

Die grondwet is in ooreenstemming van Hoofstuk 2 van die Nasionale Wet op Veld en Bosbrande, 1998 (No. 101 of 1998) ("die Wet") en die regulasie daaronder.

### 5. DOEL VAN DIE BRAND BESKERMINGS VERENIGING

Die doel van die Vereniging is om veldbrande te voorspel, voorkom, bestuur en te blus in hul verantwoordelikheidsgebied.

## **6. PLIGTE VAN DIE VERENIGING**

Die pligte van die vereniging is soos volg:

- 6.1 ontwikkel en die toepassing van veldbrand bestuur en strategie vir sy omgewing;
- 6.2 voorsien strategieë en ooreenstemmende meganismes vir die koördinering en samewerking van aangrensende verenigings;
- 6.3 maak van reëls wat hul lede bind;
- 6.4 identifiseer ekologiese kondisies wat die brandgevaar kan affekteer;
- 6.5 lede moet op 'n gereelde grondslag op hoogte gehou word van die brandgevaar waarna verwys word in seksies 9 en 101 van die Wet;
- 6.6 organiseer opleiding vir lede in brandblus, -bestuur en die voorkoming van brande;
- 6.7 hou lede ingelig van die nuutste toerusting en tegnologie om brande te voorkom en te blus;
- 6.8 voorsien dienste, opleiding en ondersteuning vir die gemeenskap in hul pogings om brande te blus;
- 6.9 voorsien die Minister met statistiek met betrekking tot van veldbrande in die area vir die laaste 12 maande eenmaal per jaar;
- 6.10 voorsiening van enige inligting wat deur die Minister aangevra kan word met betrekking tot die voorbereiding en handhawing van brandgevaar sisteem;
- 6.11 om die pligte uit te voer soos deur die Minister gedelegeer word;
- 6.12 aanwys van 'n Brand Offisier;

## **7. LIDMAATSKAP**

- 7.1 Enige eienaar in die area van die Vereniging kan lid word, so lank die eienaar die reëls en grondwet nakom van die BBV;
- 7.2 Elke Munisipaliteit met 'n brandweerdiens en elke eienaar van Staatsgrond in die BBV se gebied moet 'n lid word;
- 7.3 'n Persoon wie se naam in die lederegister soos verwys in klausule 8(3) van die grondwet is 'n lid;
- 7.4 Enige persoon; instansie; Vereeniging of regsentiteit wat buite die geregistreerde gebied van die Vereeniging woonagtig is en/of 'n grondeienaar is, kan as 'n geaffilieerde lid aansluit by die Vereeniging op voorwaarde dat sodanige lid en/of lede onderhewig is aan die Grondwet; Reëls en Regulasies sowel as die Dissiplinêre Prosedure van die Vereeniging.

## **8. LEDERREGISTER**

- 8.1 Elke lid moet die volgende aan die sekretaris verskaf:
  - 8.1.1 die name van sy / haar se eiendom of eiendomme, en waar nodig 'n kaart van die eiendom/me se grens en die grootte;
  - 8.1.2 sy of haar name, adres, en indien beskikbaar, telefoonnummer, selfoonnnummer, epos adres, faksnommer, radioroepsein en -frekwensie;
  - 8.1.3 Sy of haar name, adres, indien beskikbaar, telefoonnummer, selfoonnnummer, epos adres, faksnommer en radioroepsein en -frekwensie van hy of sy verteenwoordigers;

- 8.2 Enige
- 8.2.1 Adres of kontakbesonderhede veranderinge; en
- 8.2.2 Die oordra of verandering van eienaarskap moet so gou moontlik aan die sekretaris gegee word, in 'n billike tyd;
- 8.3 Die Sekretaris moet alle besonderhede soos verwys in subparagraphe (1) en (2), enige ander relevante inligting in 'n lede register hou;

## 9. STEMREG

- 9.1 Tydens enige vergadering waar stemming verlang word, het elke lid slegs een stem.
- 9.2 Geaffilieerde lede sal in so verre dit 'n instansie; Vereeniging en/of 'n regsliggaam is, slegs een stem behou as verteenwoordigend vir alle lede van sodanige geaffilieerde lid as instansie; Vereeniging of regsentiteit.

## 10. REGTE EN PLIGTE VAN LEDE

### 10.1 'n Lid van die Vereniging

- 10.1.1 moet enige fooie of boetes wat deur die vereniging, daargestel word, betaal;
- 10.1.2 is geregtig om van alle voordele van lidmaatskap gebruik te maak (binne die reëls wat op hierdie toerusting van toepassing is en/of binne die voorskrifte van tyd tot tyd deur die bestuur vas te stel);
- 10.1.3 moet by die reëls van die Vereniging hou; en
- 10.1.4 het geen reg tot die Vereniging se geld, eiendom of bates nie.

## 11. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

- 11.1 'n Lid mag sy lidmaatskap skriftelik beëindig wat aan die Voorsitter gegee word, behalwe in die geval van staatsgrond en munisipaliteite;
- 11.2 Indien 'n lid sy/haar lidmaatskap beëindig, verbeur hy/sy alle fooie of heffings wat reeds aan die Vereniging betaal is;
- 11.3 Lidmaatskap word outomaties beëindig indien 'n lid nie sy fooie, heffings en rente binne 90 dae betaal nie, of
- 11.3.1 Na die algemene jaar vergadering, of
- 11.3.2 Indien die fooie, heffings en rente betaalbaar is;
- 11.4 Die Vereniging kan die lidmaatskap van enige lid beëindig, buiten die eienaar van staatsgrond en munisipaliteite indien-
- 11.4.1 Die lid nie die reëls van die Vereniging nakom nie, en
- 11.4.2 Nie gehoor gee nie, binne 'n redelike tyd, aan skriftelike kennis deur die Brand Offisier van sodanige versum en regstellingsplan soos ooreengekomm;

## **12. FOOIE, HEFFINGS & RENTE**

- 12.1 Die uitvoerende komitee kan van tyd tot tyd:
  - 12.1.1 vasgestelde fooie vir registrasie en lidmaatskap en heffings vir dienslewering wat benodig word vir behoorlike bestuur van die vereniging hef; en
  - 12.1.2 Rente kan op onbetaalde fooie of heffings soos wat die Wet verwys, gehef word;
- 12.2 Die fooie en heffings word vasgestel deur die Vereniging in terme van die Vereniging se reëls;
- 12.3 Die Vereniging kan enige lid kwytskeld van betaling van enige fooi of heffings, en staan dan volle lidmaatskap aan hom / haar toe;
- 12.4 Jaarlikse lede geld is betaalbaar tussen 1 April tot 30 Junie van elke jaar;
- 12.5 Enige verhoging in registrasie- en lidmaatskapfooie of heffings vir dienste gelewer, moet besluit word op 'n algemene jaarvergadering; indien dit nie op die algemene jaarvergadering besluit is nie, moet daar 'n spesiale vergadering in die verband gehou word, waar die meerderheid van die die lede teenwoordig is;
- 12.6 Die Uitvoerende Komitee is by magte om 'n lidmaatskap fooi vir geaffilieerde lede te hef, welke kan insluit 'n onderneming om geen ledelid te hef nie in ruil vir enige ooreenkoms met sodanige geaffilieerde lid wat binne die diskresie van die Uitvoerende Komitee tot voordeel van die Vereeniging sal wees.

## **13. AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE**

Lede is nie persoonlik aanspreeklik vir enige eise, skuld van die Vereniging, maar moet hulle onbetaalde fooie, heffings en rente betaal in hul kapasiteit as individuele lede.

## **14. BATES**

Die Vereniging mag enige bate aanskaf of wegmaak.

## **15. DIE UITVOERENDE KOMITEE**

- 15.1 Die uitvoerende komitee van die Vereniging bestaan uit:
  - Voorsitter
  - Onder- Voorsitter
  - Sekretaris
  - Tesourier
  - Brand Offisier
  - Een addisionele lid
  - 'n Verteenwoordiger van 'n geaffilieerde lid, in so verre die geaffilieerde lid nie 'n enkel persoon is nie maar 'n instansie; Vereeniging of regsentiteit
- 15.2 Enige lid van die Vereniging kan verkies word tot die Uitvoerende komitee;
- 15.3 Die Voorsitter word vir 'n periode van 3 jaar verkies, en kan staan om herverkies te word aan die einde van die periode;
- 15.4 Die Sekretaris en ander Lede word verkies vir 'n periode van 3 jaar, maar kan staan om herverkies te word aan die einde van die periode;
- 15.5 Indien enige lid van die Uitvoerende Komitee bedank, oorlede is, onbevoeg om taak te verrig of gediskwalifiseerde of verwyder word van die pos deur 'n groter meerderheid stemming van die vereniging, is die posisie dan vakant;

- 15.6 'n Lid van die Uitvoerende Komitee word gediskwalifiseer indien hy of sy:
- 15.6.1 geestelik versteurd deur die hof verklaar word;
  - 15.6.2 word deur die hof insolvent verklaar;
  - 15.6.3 skuldig bevind word aan oneerlikheid; of
  - 15.6.4 Afwesig is sonder verskoning en 'n goeie rede vir twee agtereenvolgende vergaderings van die uitvoerende komitee vergaderings;
- 15.7 Indien daar 'n vakante pos in die uitvoerende komitee is, moet dit gevul word deur stemming of koöptering van 'n ander lid vir die res van die periode van diens;

## 16. WERKNEMERS

- 16.1 Die Uitvoerende Komitee kan enige persoon wat geskik is, in diens neem, om te help met die Vereniging se vlot verloop en funksies;
- 16.2 Indien die dienskontrak verander word of 'n ander persoon in diens geneem word, moet dit goedgekeur word deur die uitvoerende komitee;

## 17. LENINGS

- 17.1 Die BBV kan lenings aangaan vir fondse om die behoeftes soos nodig aan te spreek vir sy funksies;
- 17.2 Indien die lening die perk van R50,000.00 oorskry moet daar 'n vergadering belê word met al die lede, so 'n vergadering moet vooraf 21 dae kennis gegee word om 'n mandaat te kry om die lening aan te gaan;
- 17.3 Die uitvoerende komitee kan nie 'n lening aangaan waar dit 'n verhoging in registrasie of lede geld het nie, indien die verhoging deur die meerderheid van die lede by die vergadering goedgekeur is;

## 18. FINANSIES

- 18.1 Die finansiële jaar van die Vereniging is vanaf datum van registrasie tot 31 Maart die volgende jaar en dan van 1 April elke jaar tot 31 Maart van die volgende jaar;
- 18.2 Die tesourier is verantwoordelik vir al die finansies van die Vereniging en moet rekord hou van alle besigheidstransaksies;
- 18.3 Die Tesourier moet geouditeerde state van die Vereniging se rekeninge van die vorige finansiële jaar, insluitend die volledige besonderhede van enige salarissoort wat betaal is aan lede van die Uitvoerende Komitee en werknemers van die Vereniging tydens die Algemene Jaarvergadering voorhou;
- 18.4 Die finansiële state moet beskikbaar wees vir insae deur enige lid vir 'n tydperk van 4 weke na die datum van die Algemene Jaarvergadering;

## 19. ALGEMENE JAARVERGADERING

- 19.1 'n Algemene Jaarvergadering moet ten minste een keer per jaar gehou word soos bepaal word deur die Uitvoerende Komitee
  - 9.1.1 alle lede moet ten minste 14 kalender dae kennis kry van so 'n vergadering

- 19.2 Met verwysing na enige ander punte, moet die Algemene Jaarvergadering die volgende punte bespreek:
- 19.2.1 Die Voorsitter se jaarlikse verslag van algemene doen en late van die Vereniging;
  - 19.2.2 Die geouditeerde finansiële state van die Vereniging; en die goedkeuring van enige verhogings in ledegeld, heffings of rente;
- 19.3 'n Kworum vir die Algemene Jaarvergadering is die lede wat teenwoordig is;
- 19.6 Lede wie se ledegeld op datum betaal is en in goeie stand is het stemreg;

## 20. SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

- 20.1 Die Uitvoerende Komitee kan 'n spesiale Jaarvergadering byeen roep, indien 14dae kennis gegee is van so 'n vergadering;
- 20.2 'n Spesiale Algemene Vergadering kan by deur die Uitvoerende Komitee byeen geroep word as
  - 20.2.1 34 % van die ten volle opbetaalde lede 'n skriftelike versoek vir 'n vergadering indien, met die volledige besprekingspunte, en
  - 20.2.2 Die aangevraagde vergadering ten minste 60 dae voor die algemene jaarvergadering gehou word;
- 20.3 'n Kworum is 51% van die totale ledetal van die Vereniging;
- 20.4 Indien daar nie 'n kworum tydens die spesiale vergadering teenwoordig is nie, word die vergadering gesluit en die punte vir bespreking word oorgedra na die volgende algemene jaar vergadering;

## 21. DISPUUT SKIKKING

- 21.1 Indien daar enige dispoot tussen lede is, met betrekking tot die brandvereniging, moet die lede met mekaar onderhandel om die dispoot op te los;
- 21.2 Indien die onderhandelinge nie slaag nie, kan enige lid die uitvoerende komitee nader, wat 'n arbiter sal aanwys om die dispoot op te klaar. Die arbiter se besluit is final;

## 22. ONTBINDING

- 22.1 Die Vereniging kan ontbind-
- 22.1.1 deur die meerderheidsbesluit van die Algemene Jaarvergadering, of 'n spesiale Algemene Jaarvergadering wat vir die doel belê is, of
  - 22.1.2 deur deregistrasie deur die Minister in terme van afdeling 8 van die Wet;
- 22.2 Die ontbinding moet goedgekeur word deur 'n twee derdes meerderheid van teenwoordige lede wat 'n kworum vorm;
- 22.3 Na bevestiging van die besluit tot ontbinding, en by dieselfde vergadering, moet lede 'n likwidateur aanstel om die bates van die Vereniging van die hand te sit, skulde te betaal en alle toepaslike verpligtinge na te kom;